



Exhibition 24 April-5 May

## Wopko Jensma, Casper Schmidt

A joint exhibition in the Upper Gallery of graphics by Wopko Jensma and ceramics by Casper Schmidt to be opened on Tuesday, 24 April, at 8.00 p.m. by *Wolf Weinek*. **Wopko Jensma** vertel die volgende aangaande sy loopbaan: My werk hang in drie Suid-Afrikaanse kunsmuseums: die Kaapse Kunsmuseum; die Durbanse Kunsmuseum en die William Humphreys-Kunsmuseum in Kimberley.

Dis nou die vierde keer dat ek by die S.A. Kunsvereniging in Pretoria uitstal. Ander eenmanuistallings in Johannesburg was by die Lidchi-Kunsgalery, Galery 101 en Galery Y. Ek het twee keer by die Durbanse Kunsvereniging uitgestal en stal hierdie jaar in Mei weer daar uit. Ek het aan groepuitstallings deelgeneem in Kaapstad, Durban, Johannesburg en Pretoria by verskeie sentra.

Ek het ook oorsee uitgestal: New York, VSA, Oxford, Engeland en Zwettl, Oostenryk.

Ek is 'n Suid-Afrikaner van geboorte en het te Middelburg, Kaap, skoolgegaan en daarna my studies aan die Universiteit van Potchefstroom en Pretoria voortgesit.

Na ek die universiteit verlaat het in 1964, het ek Duitse romans in Afrikaans vertaal vir 'n uitgewer in Johannesburg. Daarna was ek in Serowe, Botswana kunsonderwyser en toe hoof van die grafiese kunsafdeling vir die Departement van Inligting in Gaborones, Botswana. Sedertdien is ek 'n vryskutkunstenaar en -digter. 'n Bundel van my poësie, in Afrikaans sowel as Engels verskyn hierdie jaar in Johannesburg onder die titel: „Sing for Our Execution”.

Ek voel dat my grafiese werk wat ek nou gaan uitstal die mite van dier, voël en mens verkondig. Ek put my inspirasie uit die uitgestorwe kunste van Afrika en Suid-Amerika. My werk is nie 'n navoring daarvan nie, maar eerder 'n vertolking van die mite, toepaslik op ons eie tyd, ons angs en neurose. Dit word vergestalt deur die abstrakte figurasië van bogenoemde mitiese figure.

**Casper Schmidt** is known primarily as a poet, but became interested in the plastic arts in 1969. He has worked mostly in silkscreen, monotype and woodcuts, and has exhibited in Pretoria and Durban. This will be his first pottery show.

I feel that his attainments in pottery are as promising as the rest of his work. It adds a third dimension which he is denied in the other media, yet handles with ease. He self-confessedly works in a tradition of ceramics going back to the hand-made pots of China, the Etruscans and the Meso-Americans. He refuses to work on the wheel, and makes pinch- and coil-built pots. Here the quality of the clay, the texture of surface irregularities and the hand-worked quality is not dominated by the form, as with wheel-thrown ware.

His formal approach is intellectual, but versatile, perceptive and sensitive. These factors allow his work to achieve a truly organic form.

—ANNA WOEST